



Dis waarom opbergers sekere aftrekkings maak

Verteenwoordigers in die graan- en oliesadewaardeketting het onlangs tot 'n vergelyk gekom oor 'n protokol om dispute te besleg. Die protokol belooft om veral dispute aan te pak wat nie sonder die tussenkoms van 'n onafhanklike arbiter besleg kan word nie.

Die protokol vir die beslegging van dispute waarop boere, opbergers, veevoervervaardigers en meulenaars ooreengekom het, voldoen aan die graderingsregulasies se minimum vereistes, asook die wetlike vereistes van die Wet op Landbouproduktstandaarde (Wet 119 van 1990). *The International Organization for Standardization (ISO) International Standard ISO24333:2009 Cereals and Cereal Products – Sampling* is gebruik as grondslag.

Die protokol beskryf volledig hoe die neem van verteenwoordigende monsters moet geskied. In die geval van arbitrasie moet monsters gesamentlik geneem word deur verteenwoordigers van die verkoper en die aankoper, of 'n derde party waarop die partye ooreengekom het. Die protokol stel ook klousules voor wat in kontrakte opgeneem kan word en waarvolgens dispute oor gehalteskille besleg kan word.

Opbergers wat besendingsgraan en oliesade gedurende oestyd van boere ontvang, maak aftrekkings tydens die lewering daarvan. In die meeste gevalle is die aftrekkings nie deel van die amptelike graderingstandaarde nie.

AMPTELIKE AFTREKKINGS

By sojabone moet die werklike persentasie *Sclerotinia* en vreemde voorwerpe soos dit tydens die inspeksieproses bepaal is, van die totale besending afgetrek word. By sonneblom word die sifself ook afgetrek. Die aftrekkings is ook

van toepassing waar die produkte direk aan verwerkingsaanlegte gelewer word. Dit is die enigste amptelike aftrekkings wat in die graderingstandaarde ingesluit is.

FISIEKE VERLIESE

Graan en oliesade verloor vog en breek tydens die hantering en opberging daarvan. Vogverlies vind plaas gedurende opberging en word deur verskeie faktore beïnvloed, soos spanningskrake in graan, opbergingsperiode, opbergingsstruktuur, temperatuur en hantering van graan. 'n Daling van tot 2% in die voginhoud kan gereeld voorkom en tot groot verliese vir opbergers lei.

In die meeste gevalle word 'n regstelling in die voginhoud tot 12,5% gemaak. In gevalle waar die voginhoud hoër as die maksimum perk vir 'n spesifieke gewas is, moet die opberger die graan droog voordat dit veilig opgeberg kan word. Die maksimum toelaatbare voginhoud vir koring is 13%. Dit is baie moeilik om koring presies tot 13% af te droog. Dit word ook nie aanbeveel nie. Silo-eienaars sal koring dus afdroog tot min of meer 12,5%.

As die graanvlak in silobuise laersak namate die graan daaraan onttrek word, neem die verdamping van vog uit die graan toe. Dit is dus vir opbergers noodsaaklik om die vogverlies in aanmerking te neem en die gewig van die graan aan te pas om groot verliese gedurende die opberging te voorkom.

GRADERING VAN KORING

Wanneer koring tydens die inspeksieproses gegradeer moet word, word die sifself, ongedorste are en sekere tipes vreemde voorwerpe

verwyder voordat die besending koring gegradeer word.

Die monster wat geneem word, word met twee sifwe gesif. Die een is 'n 1,8 mm-gleufsif en die ander 'n 4,75 mm-rondegatsif. Die monster kan ook met 'n laboratoriumreiner skoongemaak word. Die werklike persentasie sifself, soos dit tydens die inspeksieproses bepaal is, word dan ten volle of gedeeltelik van die totale besending koring afgetrek.

'n Skoon monster koring word dus tot voordeel van die boer gegradeer sodat laasgenoemde moontlik 'n beter graad kan behaal. Byvoorbeeld, indien 'n vuil monster meer as 1% ongedorste are het, sal die hele besending koring tot Klas Ander Koring afgegradeer word. Deur die ongedorste are voor die gradering te verwyder kan die potensieel Klas Ander Koring, in ag genome die ander graderingsfaktore, as 'n Super-, B1-, B2- of B3-koring gegradeer.

'n Boer se besending koring kan dieselfde gunstige uitkomst behaal met betrekking tot ander graderingsfaktore, soos sifself, vreemde materiaal en hektolitermassa.

Die silo-eienaar moet dus die koring met kommersiële skoonmaaktoerusting skoonmaak sodat 'n boer se koring op 'n skoon basis gegradeer word en sodoende voorkom word dat koring van goeie gehalte afgegradeer word. Met die nuwe graderingsregulasies wat in 2019 in werking getree het, kan dit maklik gebeur dat koring tot Klas Ander Koring afgegradeer word. Die gradering van koring op 'n skoon basis beskerm boere dus tot 'n sekere mate teen die onnodige afgradering.

STANDAARD-AFTREKKINGS

Opbergers trek 'n standaardpersentasie, na gelang van die tipe graan, van besendings af. Tydens die droging-, hantering- en beroeringsprosesse breek graan taamlik maklik en dit lei tot 'n toename in sifself.

Omdat die toelaatbare persentasie sifself deel is van die graderingsregulasies, word klein hoeveelhede daarvan in die graderingsregulasies toegelaat.

Silo- en ander opbergingsaanlegte is dus noodsaaklik om die graan skoon te maak en die persentasie sifself te verminder sodat dit aan die graderingstandaarde voldoen. Dit word gedoen om te verhinder dat graan wat na verwerkers toe uitgelaa word, afgegradeer word.

Graan is 'n lewende produk. Die respirasie van graan vind dus steeds plaas al is dit teen 'n verlaagde tempo vanweë die dormansie van opgebergde graan. Weens respirasie kan graan tydens medium- tot langtermynopberging 0,5% in gewig verloor. Silo-eienaars gebruik die standaardafrekking om voorsiening te maak vir dié gewigsverliese.

Omdat graan 'n lewende produk is, moet graderingstandaarde en aftrekkings by nuwe ontwikkelings kan aanpas om vir bykomende verliese voorsiening te maak. Maak seker jy verstaan waarom aftrekkings gemaak word en gebruik die nuwe dispuutprotokol in kontrakte. **LBW**

Mnr. Wessel Lemmer is hoofbestuurder van Agbiz Grain en dr. Sierk Ybema is besturende direkteur van Sierk Ybema Graandienste.